# KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (WET NO 56 van 2003)

## TENDER: T2020/011

### ALLESINSLUITENDE INSTANDHOUDING VAN VYF (5) DIGITALE KLEURKOPIEERDER/MULTIFUNKSIONELE TOESTELLE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No 56 van 2003) dat die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit van voorneme is om 'n kontrak aan te gaan vir die allesinsluitende instandhouding van vyf (5) digitale kleurkopieerder/multifunksionele toestelle vir die periode wat eindig op 30 Junie 2026. Die kontrak sal finansiële verpligtinge vir die Distriksmunisipaliteit inhou, vir 'n tydperk langer as die drie jaar wat in die jaarlikse begroting vir die 2020/2021-finansiële jaar voorsien word.

Kennis geskied verder ingevolge artikel 21 en 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000) dat die plaaslike gemeenskap en betrokke partye uitgenooi word om kommentaar of vertoë by die Distriksmunisipaliteit in te dien ten opsigte van die voorgestelde kontrak. Sodanige kommentaar of vertoë moet die Distriksmunisipaliteit nie later nie as **Vrydag, 12 Februarie 2021** bereik.

Kommentaar, vergesel deur ondersteunende dokumentasie en/of vertoë, moet in 'n verseëlde koevert ingedien en duidelik gemerk word: **''KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (WET NO 56 van 2003)"** en in die tenderbus te Du Toitstraat 29, Stellenbosch gepos word.

Alle voorleggings moet aan: Die Munisipale Bestuurder, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit gerig word.

Die konsepkontrak en inligtingsverklaring wat die Distriksmunisipaliteit se verpligting ingevolge die tender saamvat, is op die Distriksmunisipaliteit se webwerf by **www.capewinelands.gov.za** beskikbaar.

Persone wat nie kan lees of skryf nie, dié met gestremdhede en mense uit minderbevoorregte groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, kan die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit gedurende kantoorure besoek waar 'n personeellid (me. P Manel) sodanige persone sal help om kommentaar of vertoë op skrif te stel.

**HF PRINS**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Kaapse Wynland**
**Distriksmunisipaliteit**
**Alexanderstraat 46**
**Stellenbosch 7600**

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

www.thecandocompany.co.za
141365